

Titel: Beelde van Genade
Pastoor: Fred May
Datum: 16 November 2008
Tyd: 9h00



A. Kragtige metafore

- wind
- aardbewing
- vuur
- vloed

I Konings 19:11-12 NV

¹¹ Maar die Here sê vir hom: "Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan." Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. ¹² Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte.

Psalm 29:10

¹⁰ Die HERE het gesit oor die Watervloed; ja, die HERE sit as Koning tot in ewigheid.

B. Die skudding

Hebreërs 12:25-29

²⁵ Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. ²⁶ Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. ²⁷ En hierdie woord: nog. een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly. ²⁸ Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. ²⁹ Want onse God is 'n verterende vuur.

1. Skeiding

Psalm 29:10

¹⁰ Die HERE het gesit oor die Watervloed; ja, die HERE sit as Koning tot in ewigheid.

Genesis 6:17-18

¹⁷ Want kyk, Ék bring 'n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel te verdelg alle vlees waar 'n lewensgees in is. Alles wat op die aarde is, sal wegsterwe. ¹⁸ Maar met jou sal Ek my verbond oprig; jy moet in die ark gaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou.

Veiligheid van die 'ark'

Filippense 3:8-10

⁸ Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry ⁹ en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof; ¹⁰ sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,

2. Groot genade

Handelinge 4:31-35

³¹ En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek. ³² En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad. ³³ En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal. ³⁴ Want niemand onder hulle was behoefte nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê. ³⁵ En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het.

3. Konsolidering – die Koninkryk

Romeine 14:17

¹⁷ Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees.

Johannes 10:10

¹⁰ Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

4. Sigbare heerlikheid

Haggai 2:6-9

⁶ Want so sê die HERE van die leërskaar: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe. ⁷ Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die HERE van die leërskaar. ⁸ Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek die HERE van die leërskaar. ⁹ Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre, sê die HERE van die leërskaar; en op hierdie plek sal Ek vrede gee, spreek die HERE van die leërskaar.